UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
7 - APR 1965
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

I.M.S.
Vol. I, No. 61

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

19th February, 1965.

## YELLOW LINES IN STREETS

Several residents of our town have in recent weeks written to the Council to enquire about the significance of the yellow lines which have been painted in the streets in the course of 1964. The streets in question include some of our main traffic routes such as Bird Street, Van Riebeeck Street, Alexander Street and Dorp Street.

Firstly, I must point out that these streets have been no parking areas for a considerable time but the prohibition was initially indicated by means of the usual traffic signs. As a result of an Amendment to the Motor Ordinance, local authorities were given the choices of either using the traffic signs erected on poles or a yellow line to inform the motorists that parking was totally prohibited. The Stellenbosch Council welcomed the choice allowed by the Amending Ordinance and thought that this was a good opportunity to get rid of many of the unsightly traffic signs and poles. The yellow lines were accordingly substituted. Maintenance costs in the case of the latter are also very much less.

I realize that business people in these areas have to some extent been inconvenienced by the no parking decision, but under the circumstances the Council had no choice in the matter.

The width of any street and the volume of traffic which passes over it will in every case dictate to the Council to what extent parking can be permitted. In the streets to which I have referred the volume of traffic is increasing continuously and the restrictions were unavoidable.

The answer to this tricky problem lies not in easing the restrictions but in the provision of off-street parking facilities, either public or private. Some business concerns are aware of this necessity and have provided their own parking areas, at considerable expense which they regard as a good investment. The Council realizes that it also has a great responsibility in this matter and is endeavouring to provide off street

parking where and when the opportunity presents itself. The Bergzicht area is now available for this purpose and we would like to encourage motorists to make greater use of it. There is also the parking area behind the Town Hall which we hope to enlarge in the near future. The Council is negotiating with the Government for the acquisition of a large property in Dorp Street which will also be devoted to parking. Ultimately Council hopes to establish what will be a ring of easily accessible and well laid out parking areas to serve the central business areas.

**ABATTOIRS**

On Tuesday, the 16th February, a deputation from the Council met a number of Councillors of the Strand to discuss the possibility of establishing a regional abattoir which would meet the needs of both Stellenbosch and the Strand area. Our own preparations for building a modern abattoir have of course reached an advanced stage, but in the light of the recommendations of the Abattoir Commission it would seem that the emphasis will in future fall on larger units which would serve regions embracing more than one town or local authority.

The discussions were held in a friendly spirit and it appeared that both Municipalities realized the need for co-operation and joint action in a matter of this nature. A Committee has been set up to investigate the project further and Councillors Prof. de Wet, Marais and Hendriksz will represent our Council.

**COLLECTION LISTS**

It has come to the notice of the Council that in spite of repeated warnings unauthorised people are still taking round collection lists which do not carry the Municipal stamp. In many cases the collections are not for a charitable purpose but would seem to be for the benefit of the collectors themselves.

This malpractice can only be stopped if the public would co-operate by

(i) refusing to contribute to such unstamped lists;

(ii) by reporting such cases to the Municipality who will then act in the matter.

---

26 Februarie 1965.

**NAGWAGTE OP PERSELE WAAROP DAAR GEBOU WORD**

Ooreenkomstig 'n plaaslike regulasie het 'n eienaar die reg om 'n nagwag op sy erf aan te hou waar bouwerk gedoen word om hom sodoende te beskerm teen diefstal van bou-

materiaal en beskadiging van werk wat alreeds gedoen is. Goedkeuring moet vooraf van die Stadsraad verkry word vir die aanhou van so 'n nagwag.

Van tyd tot tyd word klagtes ontvang i.v.m. toestande wat by sulke persele ontstaan deurdat nagwagte besoekers kry en hulle dan so gedra dat dit 'n steurnis vir die mense in die omgewing is. Die Stadsraad wil net waarsku dat hy hierdie vergunning i.v.m. 'n nagwag sal intrek as gegronde klagtes ontvang word. As vinnige optrede vereis word moet inwoners asseblief die plaaslike Polisie skakel.

## 'N GEDENKTEKEN

Die plaaslike tak van die B.E.S.L. het die Raad reeds 'n geruime tyd gelede genader met die versoek om 'n terrein aan te wys waar 'n klein gedenkteken ter ere van die manne en vroue wat in verskillende oorloë in diens van Suid-Afrika gesneuwel het, aangebring kan word. Die ontwerp daarvan behelsnie 'n opvallende struktuur nie maar bestaan hoofsaaklik uit 'n gedenksteen, met 'n gepaste inskripsie, wat plat op die grond aangebring sal word. Aanvanklik is gemeen dat 'n geskikte plek in die omgewing van die Kruithuis gevind sal word. Die Nasionale Monumentekommissie het egter te kenne gegee dat so iets teen hulle beleid sou wees.

Die Raad is nou versoek om 'n plek op die grasperk voor die Stadshuis vir die doel beskikbaar te stel. Die aangeleentheid word deur die Museumskomitee oorweeg.

## KLINIEKURE

Vir algemene inligting maak ons graag bekend dat gereelde klinieke nou weer gehou word vir die doeleindes van immunisasie teen verskillende siektes. Die volgende rooster sal gevolg word:

Immunisasie teen Witseerkeel, Kinkhoes, Tetanus en Polio (gekombineerd): Elke Dinsdag, 10.45 vm.

Polio en Pokke: Elke Vrydag, 3.00 — 4.30 nm.

*Advieskliniek* — Blanke Babas: Elke Woensdag, 2.00 — 4.30 nm.; elke Donderdag, 11.00 vm. — 12.30 nm.

Voorheen is hierdie sessies in een van die gange van die Stadhuis gehou maar voortaan sal dit in die Moederskliniek, tussen die Stadhuis en die kantore van die Gesondheidsdepartement, geskied. Die ingang tot die kliniekgebou is uit Pleinstraat.

## VERBREDING VAN VAN RIEBEECKSTRAAT EN JONKERSHOEKWEG

Die vraag of Van Riebeeckstraat verbreed moet word of nie, word reeds geruime tyd deur die Raad oorweeg. Daar kan aangeneem word dat sodanige verbreding op hierdie tydstip moontlik nie geregverdig is nie, maar nietemin moet rekening gehou word met die moontlikheid, dat so 'n stap in die toekoms wel noodsaaklik sal word.

Met die oog hierop is daar nou besluit om 'n padreserwe van 120 voet aldaar te skep. Sodanige reservering sal eiendomme aan albei kante van die straat raak en dit is van belang vir die eienaars wat ontwikkelingskemas beoog, om kennis hiervan te dra. Die Stadsraad is besig om met elke eienaar in die straat hieroor in verbinding te tree en ons wil belanghebbendes aanmoedig om die kaarte wat die afbakening aandui te kom besigtig en hulle onderskeie probleme met die amptenare te bespreek.

Dieselfde probleme i.v.m. toenemende verkeer word in die geval van Jonkershoekweg ondervind en in hierdie geval het die Raad by voorbaat 'n padreserwe van 80 voet bepaal. Ook aan hierdie eienaars word nou briewe gerig om hulle van die posisie te verwittig en dieselfde uitnodiging wat ek hierbo aan inwoners van Van Riebeeckstraat gerig het, herhaal ek graag ook hier.

---

5 March, 1965.

## 1. HOUSING

The Council spent a whole morning this week discussing the problem of housing in Stellenbosch in all its different aspects. Councillor Mrs. Eksteen the Chairman of Housing presented a historical review of all events which have occurred since the Council gave attention to the establishment of Group Areas. The latter were finally declared in September 1962 and since then the Council has to tackle all the problems associated with the development of an entirely new township. I am pleased to say that much progress has been made and a discussion with representatives of the Department of Community Development which is due to be held shortly will bring us, in all probability, to the point where application can be made to the National Housing Commission for the allocation of the necessary funds.

In the meantime work is proceeding on the Idas Valley Scheme, comprising 168 houses. Plans are also ready for

the building of 20 houses in the Botmaskop area, where a number of unsightly structures have in the course of time been demolished.

Much time was also spent discussing possible areas for European housing both economic and subeconomic. Council is very much aware of the fact that private ground has become so expensive as to be beyond the means of many residents who would dearly love to have a house of their own. At the moment work is proceeding on the provision of services for the Union Park township. Council is keen to expedite the completion of the work so as to be able to offer the plots to the public. The Plankenbrug scheme on an area beyond the railway line depends on the provision of a suitable overhead bridge and our consulting engineers are working on the project.

## 2. THE BOARD OF CONTROL FOR THE COLOURED GROUP AREA

The Board held its second meeting on the 15th of February, 1965. The minutes which were available at the meeting of the Town Council held on the 23rd February, show that a number of pertinent problems were discussed. It is obvious to me that the Committee is settling down well to the task of considering the many matters which concern the Welfare of the residents of Idas Valley.

## 3. INDUSTRIAL SITES

The Council has obtained approval for a subdivision of the land reserved for industrial purposes between the General Box Co., site and the Devon Valley Road. Plots in this subdivision are available for sale to interested parties and particulars can be obtained at the Municipal Offices.

## 4. PAUL ROOS GYMNASIUM CENTENARY

Another of our renowned educational institutions is on the threshold of the celebration in 1966 of a great event — the hundredth anniversary of its founding.

A Festival Committee has been appointed on which the Council will be represented by Councillor E. S. Swart, who is a past pupil of the school.

## 5. THE OVERHEAD BRIDGE AT DU TOITVILLE

The question is asked now and then what progress is being made towards the elimination of the level crossing at Du Toit Station. Obviously an overhead bridge would be a very great improvement there. The Council has been informed, however, that pending the completion of certain investigations into the suitability of land above the planned Cloetesdal coloured township for a dam site, the construction of the bridge should stand over. The Council is very concerned about the delay and is doing everything possible to get finality about the proposed water conservation schemes at Jonkershoek and in the Koelenhof area.

## 6. SPORTSFIELDS AT IDAS VALLEY

The plan for the layout of the fields was completed some time ago, and the first task will be to do a considerable amount of levelling on the site. A contract has been accepted for the work at a cost of R5,740. The necessary funds for this work have been provided by the Department of Coloured Affairs and by the sale to the Educational authorities of a piece of land which had formed part of the said sports fields.

---

12 Maart 1965.

## DIE STAATSPRESIDENT BESOEK STELLENBOSCH

Op Saterdag, 13 Maart, sal ons die eer hê om die Staatspresident en mev. Swart in ons midde te hê vir die amptelike opening van die nuwe geboue-kompleks van die Voortrekkers ten ooste van Simonswyk. Die Staatspresident het nog altyd 'n besondere belangstelling in die jeug van ons land getoon en sy koms hierheen om die funksie waar te neem is andermaal bewys daarvan. Ons wil graag die Presidentspaar 'n hartlike welkom toeroep in die Eikestad en vertrou dat hulle die besoek sal geniet. Hulle kom reeds in die voormiddag hier aan en vir die middagete sal hulle die gaste van die burgemeester en burgemeestersvrou wees.

## MUNISIPALE SWEMBAD

In my rubriek van 5 Februarie 1965 het ek melding gemaak daarvan dat die Stadsraad die bou van 'n munisipale swembad in beginsel aanvaar het en dat verdere besonderhede uitgewerk word.

Die saak is nou 'n stap verder gevoer deurdat die Raad nadat hy alle moontlike terreine vir die bad oorweeg het, op die Bergzichtplaas as die geskikste plek besluit het. Dit veronderstel natuurlik dat die Bergzicht-opstal gesloop en die mark asook die nie-blanke geriewe daar verwyder sal moet word.

Die voorlopige beplanning van die terrein is nou deur die ingenieursafdeling voltooi en lê ter insage by die kantoor van die Stadsklerk. Ons wil graag belangstellendes uitnooi om die uitlegplan te kom bestudeer en kommentaar daarop te lewer. Behalwe vir die swembad is daar ook voorsiening gemaak op die plan vir 'n pluimbalsaal, 'n tweede rolbalbaan en parkering vir 350 motors.

## DORPSAANLEG EN STRAATVERBREDINGS

Op 26 Februarie het ek in hierdie rubriek verwys na voorstelle vir die verbreding van Van Riebeeckstraat en Jonkershoekweg en daarby gesê dat al die eienaars wat hierdeur geraak word briewe van die Stadsraad sal ontvang. Op die vergadering van 9 Maart is daar besluit om al die betrokke eienaars te nooi om die Raad te ontmoet en die hele vraagstuk te bespreek. Kennisgewings wat die plek en tyd van so 'n vergadering sal aandui, sal eersdaags uitgestuur word. Dit sal hopelik in die begin van April plaasvind.

## WERKSAAMHEDE VAN DIE PUBLISITEITSKANTOOR

Soos ook sy voorgangers, probeer mnr. Serfontein van die kantoor van die Stadsklerk om behalwe sy veelvuldige pligte na te kom ook nog die tyd vind om die talle besoekers aan ons dorp te bedien. Omdat hier geen Publisiteitskantoor met 'n voltydse Publisiteitsbeampte in bevel bestaan nie, verskaf die Stadsraad reeds vir jare die nodige kantoor-akkommodasie asook die deeltydse personeel om so goed moontlik hierdie noodsaaklike en belangrike werk te doen. Op die huidige grondslag sal ons egter nie baie langer kan aangaan nie. Enersyds vind ons 'n veel groter belangstelling by sowel die sentrale as die provinsiale owerhede in die bevordering van die toeristebedryf en hierdie instansie is dan ook bereid om nie net morele maar ook geldelike steun daaraan te gee. Plaaslike belange soos Stadsrade, publisiteitsverenigings en sakeondernemings moet egter ook hulle deel bydra om in hulle eie omgewing die toeristebedryf te bevorder. Hieraan sal Stellenbosch beslis ernstige aandag moet gee.

Aan die anderkant het ons in ons dorp te doen met 'n toenemende aantal besoekers aan wie ons 'n diens moet lewer. Van November 1964 tot Februarie 1965 het meer as 400 mense mnr. Serfontein se kantoor besoek en almal stel gewoonlik dieselfde versoeke: hulle wil graag publisiteitsmateriaal hê en hulle wil meer van ons dorp en sy mense weet. Dit wil vir my voorkom asof ons nie veel langer op die huidige grondslag sal kan voortgaan nie. Die tyd het aangebreek dat 'n publisiteitskantoor behoorlik toegerus en met 'n voltydse beampte in bevel daargestel word.

Van die Stadsraad alleen kan nie verwag word om so iets te doen nie. Die daadwerklike steun van belanghebbende indiwidue en liggame hier ter plaatse sal 'n noodsaaklike vereiste wees.

W. C. DEMPSEY.

---

PRO EC. 3/65–13101